GEREFORMEERDE SKOOL
**DIRK POSTMA**

Wees sterk en vol moed

## TAALBELEID

### 1. Inleiding

Hierdie dokument is die taalbeleid van Gekombineerde Gereformeerde Skool Dirk Postma wat reeds in 2004 deur die skoolbestuur goedgekeur is.
Die taalbeleid is opgestel in ooreenstemming met die bepalings van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, Wet 108 van 1996; die Suid-Afrikaanse Skolewet, Wet 84 van 1996 ('die Skolewet'); die Wet op Nasionale Onderwysbeleid, Wet 27 van 1996; toepaslike provinsiale wetgewing oor skoolonderwys; regspraak van Suid-Afrikaanse howe; die Internasionale Konvensie met betrekking tot die Regte van Kinders; die "African Charter on the Rights and Welfare of Children" en die aanwysings van die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad.

### 2. Faktore in ag geneem

Met die opstel van hierdie beleid is die volgende faktore in ag geneem:

- Dat Afrikaans 'n gawe van God is;
- Die Christelike beskouing van moedertaalonderrig;
- Die belange van die leerders;
- Die belange van die skoolgemeenskap;
- Die belange van die gemeenskap waarin die skool geleë is;
- Die vermoë van die skool;
- Die hulpbronne en personeel waaroor die skool beskik;
- Internasionale beste praktyk met betrekking tot klasgroottes en taal in onderrig, met besondere verwysing na die belang van moedertaalonderrig.

### 3. Onderrig en eksaminering

Alle onderrig en die aflê van toetse en eksamens geskied in die taal/tale van onderrig van die skool. Afrikaans word as Huistaal onderrig en Engels as eerste addisionele taal

### 4. Beleid oor onderrigtaal

Die skool is 'n enkelmediuminstelling.
Die taal van onderrig is Afrikaans van graad 1 tot graad 12.

Die taalbeleid word aangedui wanneer die leerder aansoek doen om toelating tot die skool.

+27 (0)12 332 3222 | gsdp@gsdp.co.za | www.gsdp.co.za
**Adres** Cunninghamlaan 1182, Waverley, 0186
**NPO** 026-603 | **EMIS** 700220137 | **Umalusi** 16 SCH01 00125